// PROVINCIAL GAZETTE
FREE STATE PROVINCE

PROVINSIALE KOERANT
PROVINSIE VRYSTAAT

*Published by Authority* *Uitgegee op Gesag*

No. 87

BLOEMFONTEIN, 2 NOVEMBER 2018

## GENERAL NOTICE 143 OF 2018

### PUBLICATION OF THE FREE STATE GAMBLING, LIQUOR AND TOURISM AMENDMENT BILL, 2018

It is notified for general information and comment that the abovementioned Bill is hereby published in terms of the Rules and Orders of the Free State Legislature.

Any comments or remarks must be submitted to the Secretary: Free State Legislature, Private Bag X20561, Bloemfontein, 9300 to reach him not later than **16 November 2018**.

TL MOFOKENG
SECRETARY: FREE STATE LEGISLATURE

## ALGEMENE KENNISGEWING 143 VAN 2018

### PUBLIKASIE VAN DIE VRYSTAATSE WYSIGINGSWETSONTWERP OP DOBBEL, DRANK EN TOERISME, 2018

Dit word vir algemene kennisname en kommentaar bekendgemaak dat bostaande Wetsontwerp hierby gepubliseer word in terme van die Reëls en Orders van die Vrystaatse Wetgewer.

Enige kommentaar of opmerkings moet gestuur word aan die Sekretaris: Vrystaatse Wetgewer, Privaatsak X20561, Bloemfontein, 9300 om hom nie later as **16 November 2018** te bereik nie.

TL MOFOKENG
SEKRETARIS: VRYSTAATSE WETGEWER

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

____ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

---

# BILL

**To amend the Free State Gambling, Liquor and Tourism Act, 2010, by amending the long title and certain definitions; to amend the objects of the Act; to amend the membership, powers, disqualification and positions of trust of the Board and its members; to further regulate financial interest of Board members; to regulate the recovery of fees, penalties and other money; to ensure registrants comply with relevant laws and advertisement requirements; to further regulate persons or school going learners' access to registered premises; to expand information to be submitted regarding monopolistic practices and the information to be considered by the Board in re liquor registration applications; to regulate application processes further after lapsing of registration; to regulate incomplete premises; to regulate renewals of registration certificates in more detail; to amend the application of requirements of liquor registrations; to provide that a person do not have the right to an automatic oral hearing; to regulate the management of registered premises; to further regulate varying of registrations, alteration or extension of registered premises and temporary removals; to regulate financial interest of registrants; to make provision for lapsing of inoperative registrations; to further regulate process to deal with registrations during wounding up or sequestration of a registrant; to include further types of registration; to regulate the sale of liquor further and the conditions thereto; to further regulate accommodation establishments, on-consumption businesses, taverns, sportsgrounds, theatres, and traditional African beer; to further regulate special events; to regulate closure of businesses under certain circumstances; to regulate the delivery of liquor; to further regulate certain gambling matters; to regulate powers of SAPS; to include further offences and expand search and seizure to liquor; to regulate resolution of complaints by Board; to amend transitional provisions; to provide for conversion of liquor registrations; to regulate appeals; to include a savings provision; and to correct references to "Board" and "Authority" throughout the Act; and to provide for matters connected therewith.**

**BE IT ENACTED** by the Provincial Legislature of the Free State Province as follows:-

**Amendment of the long title of Act No. 6 of 2010**

1. The Free State Gambling, Liquor and Tourism Act, 2010 (Act No. 6 of 2010) (hereinafter referred to as the "Principal Act") is amended by -

   (a) the substitution for the long title of the Principal Act of the following long title:

   **"To provide for control over gambling [and], liquor, methylated spirits and tourism; and to provide for matters incidental thereto.";** and

   (b) the updating of the table of contents of the Principal Act in line with the amendments which affects the numbering of sections set out in in this Act.

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ] Woorde in vetdruk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

_____ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

---

# WETSONTWERP

**Om die Vrystaatse Wet op Dobbel, Drank en Toerisme, 2010, te wysig deur wysiging van die langtitel en sekere definisies; om die doelwitte van die Wet te wysig; om die lidmaatskap, bevoegdhede, diskwalifikasie en vertrouensposisie van die Raad and sy lede te wysig; om verder die finansiële belang van Raadslede te reguleer; om die verhaling van gelde, boetes en ander geld te reguleer; om te verseker dat registrante voldoen aan relevante wetgewing en advertensie vereistes; om verder persone of skoolgaande leerders se toegang tot geregistreerde persele te reguleer; om die inligting wat met betrekking tot monopolistiese praktyke en die inligting wat deur die Raad in verband met drankregistrasie aansoeke oorweeg moet word, uit te brei; om die aansoekprosedures verder te reguleer na verstryking van registrasie; om onvolledige persele te reguleer; om hernuwings van registrasiesertifikate in meer detail te reguleer; om die aansoekvereistes met betrekking tot drankregistrasies te wysig; om voorsiening te maak dat 'n persoon nie 'n reg het tot 'n outomatiese mondelinge verhoor nie; om die bestuur van geregistreerde persele te reguleer; om verder die wysiging van registrasies, veranderinge of uitbreiding van geregistreerde persele en tydelike verwydering te reguleer; om die finansiële belang van registrante te reguleer; om voorsiening te maak vir verstryking van ongebruikte registrasies; om verder die proses wat verband hou met registrasies gedurende die likidasie of sekwestrasie van 'n registrant te reël; om verdere tipes registrasies in te sluit; om die verkoop van drank verder te reguleer asook die voorwaardes daartoe; om verder akkommodasie ondernemings, binneverbruik besighede, tavernes, sportgronde, teaters en Tradisionele Afrika Bier verder te reguleer; om spesiale geleenthede verder te reguleer; om die sluit van besighede onder sekere omstandighede te reguleer; om die aflewering van drank te reguleer; om sekere dobbelaangeleenthede verder te reguleer; om die bevoegdhede van die SAPD te reguleer; om oortredings verder te reguleer en om soek- en beslaglegging uit te brei ten opsigte van drank; om die oplossing van klagtes deur die Raad te reguleer; om die oorgangsbepalings te wysig; om voorsiening te maak vir die omskakeling van drankregistrasies; om appèlle te reguleer; om 'n voorbehoudsbepaling in te sluit; en om verwysings na "Raad" en "Owerheid" regdeur die Wet reg te stel; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.**

**DAAR WORD BEPAAL** deur die Vrystaatse Provinsiale Wetgewer, soos volg:

**Wysiging van die langtitel en inhoudsopgawe van Wet Nr. 6 van 2010**

**1.** Die Vrystaatse Wet op Dobbel, Drank en Toerisme, 2010 (Wet Nr. 6 van 2010) (hierna verwys as die "Hoofwet") word gewysig deur –

(a) die vervanging van die langtitel van die Hoofwet met die volgende langtitel:

**"Om voorsiening te maak vir beheer oor dobbel [en], drank, <u>brandspiritus en toerisme</u>; en om voorsiening te maak vir sake wat daarmee verband hou."**; en

(b) die opdatering van die inhoudsopgawe van die Hoofwet ooreenkomstig die wysigings wat die nommering van artikels raak, soos uiteengesit in hierdie Wet.

**Amendment of section 1(1) of Act No. 6 of 2010**

**2.** Subsection (1) of section 1 of the Principal Act is amended by –

(a) the substitution for the definition of "**accommodation establishment**" of the following definition:

" '**accommodation establishment**' means any place in or upon which the business of providing accommodation with or without meals is conducted for gain, including but not limited to a hotel, motel, inn, bed and breakfast, caravan and camping park, guest-farm, guest house, lodge, train, and boatel boat;";

(b) the substitution for the definition of "**Authority**" of the following definition:

" '**Authority**' means the [**entity**] Free State Gambling, Liquor and Tourism Authority established in terms of section 4;";

(c) the substitution for the definition of "**company secretary**" of the following definition:

" '**company secretary**' means a person appointed by the Board as set out in [**terms of section 268A-G of the Companies Act, 1973 (Act No. 61 of 1973)**] section 88 of the Companies Act, 2008 (Act No. 71 of 2008);";

(d) the deletion of the definition of "**competent authority**";

(e) the substitution for the definition of "**concoction**" of the following definition:

" '[**concoction**] **impotable substance**' means any substance that is unsafe for human consumption;";

(f) the insertion of the definition of "**day**" after the definition of "**control**":

" '**day**' means a calendar day and '**days**' refers to more than one calendar day;";

(g) the insertion of the definition of "**distribute**" after the definition of "**designated area**":

" '**distribute**' with regard to liquor has a similar meaning as set out in section 1 of the National Liquor Act ;";

(h) the insertion of the definition of "**institutions of learning**" after the definition of "**inspector**":

" '**institutions of learning**' means places where persons of different ages gain education, including pre-schools, early childhood development centres, schools, libraries and tertiary education institutions;";

**Wysiging van artikel 1(1) van Wet Nr. 6 van 2010**

2. Subartikel (1) van artikel 1 van die Hoofwet word gewysig deur

(a) die vervanging van die definisie van "**akkommodasie-onderneming**" met die volgende definisie:

" '**akkommodasie-onderneming**' enige plek waarin of waarop die bedryf van akkommodasievoorsiening met of sonder maaltye gevoer word vir wins, insluitende maar nie beperk tot 'n hotel, motel, herberg, bed-en-ontbyt, karavaan- en kamppark, gasteplaas, gastehuis, "lodge", trein en boot-hotel;";

(b) die vervanging van die definisie van "**Owerheid**" met die volgende definisie:

" '**Owerheid**' die [**entiteit**] Vrystaatse Dobbel, Drank en Toerisme Owerheid wat ingevolge artikel 4 gestig is;";

(c) die invoeging van die definisie van "**maatskappy sekretaris**" na die definisie van "**lotery**":

" '**maatskappy sekretaris**' 'n persoon wat aangestel is deur die Raad ooreenkomstig artikel 88 van die Wet op Maatskappye, 2008 (Wet Nr. 71 van 2008);";

(d) die skrapping van die definisie van "**bevoegde owerheid**";

(e) die vervanging van die definisie van "**konkoksie**" met die volgende definisie:

" '[**konkoksie**] **ondrinkbare inhoud**' enige [**stof**] inhoud wat onveilig is vir menslike verbruik;";

(f) die invoeging van die definisie van "**dag**" na die definisie van "**casino speletjie**":

" '**dag**' 'n kalender dag en '**dae**' verwys na meer as een kalender dag;";

(g) die invoeging van die definisie van "**versprei**" na die definisie van "**vermaaklikheidspeletjie**":

" '**versprei**' met betrekking tot drank het 'n soortgelyke betekenis soos uiteengesit in artikel 1 van die Nasionale Drankwet;";

(h) die invoeging van die definisie van "**onderriginstansies**" na die definisie van "**Nasionale Minister**":

" '**onderriginstansies**' plekke waar persone van verskillende ouderdomme onderwys ontvang, insluitende voorskoolse onderrig, vroeë kinderontwikkelingsentrums, skole, biblioteke en tersiêre onderwysinstansies;";

(i) the insertion of the definitions of "**on-consumption**" and "**off-consumption**" after the definition of "**National Minister**":

" 'on-consumption' means consumption of liquor on registered premises contemplated in section 46(a);" and

" 'off-consumption' means consumption of liquor off the registered premises contemplated in section 46(b);";

(j) the insertion of the definition of "**places of worship**" after the definition of "**person**":

" 'places of worship' means specially designed structure or consecrated space where individuals or a group of people come to perform acts of devotion or religious services;";

(k) the insertion of the definition of "**renewal fee**" after the definition of "**registrant**":

" 'renewal fee' means a fee payable annually in respect of liquor registration in order to ensure the continued validity of the registration and "**renewal fees**" have a corresponding meaning;";

(l) the insertion of the definition of "**restricted area**" after the definition of "**responsible Member**":

" 'restricted area' as it relates to liquor, means –

(a) a bar on any registered premises for which on-consumption registration has been issued, in which liquor is served over a counter and which does not form an integral part of a room where ordinary meals are served continuously on a daily basis;

(b) any registered premises wherein the primary business is the sale of liquor; or

(c) any part of a registered premises that is to be treated as such in terms of any condition of the registration, which has been imposed under this Act;";

(m) the insertion of the definition of "**school going learner**" after the definition of "**rule**":

" 'school going learner' means a learner in school uniform whether or not such learner is eighteen (18) years or older;";

(n) the insertion of the definition of "**special event**" after the definition of "**site**":

" 'special event' means an event arranged for a particular occasion as envisaged in section 54;";

(i) die invoeging van die definisies van "**binneverbruik**" en "**buiteverbruik**" na die definisies van "**bingosaal**" en "**brandspiritus**":

" '**binneverbruik**' die verbruik van drank op geregistreerde persele soos bedoel in artikel 46(a); en

" '**buiteverbruik**' die verbruik van drank buite die geregistreerde persele soos bedoel in artikel 46(b);";

(j) die invoeging van die definisie van "**plekke van aanbidding**" na die definisie van "**persoon**":

" '**plekke van aanbidding**' spesiaal ontwerpte strukture of heilige plekke waar individue of groepe van mense saamkom om toewydingshandelinge of religieuse dienste te verrig;";

(k) die invoeging van die definisie van "**hernuwingsgeld**" na die definisie van "**Grondwet**":

" '**hernuwingsgeld**' geld betaalbaar jaarliks met betrekking tot drankregistrasie om die volgehoue geldigheid van die registrasie te verseker en "**hernuwingsgelde**" het 'n ooreenstemmende betekenis;";

(l) die invoeging van die definisie van "**beperkte area**" na die definisie van "**beloning**":

" '**beperkte area**' insoverre dit betrekking het op drank,

(a) 'n kroeg op enige geregistreerde perseel waarvoor 'n binneverbruik registrasie uitgereik is waarin drank bedien word oor 'n toonbank en wat nie 'n integrale deel van 'n kamer uitmaak waar gewone etes voortdurend op 'n daaglikse basis bedien word nie;

(b) enige geregistreerde perseel waarin die primêre besigheid die verkoop van drank is; of

(c) enige gedeelte van 'n geregistreerde perseel wat ingevolge enige voorwaarde van die registrasie as sodanig geag moet word, welke registrasie kragtens hierdie Wet gemaak is;";

(m) die invoeging van die definisie van "**skoolgaande leerder**" na die definisie van "**Republiek**":

" '**skoolgaande leerder**' 'n leerder in skooluniform ongeag of sodanige leerder agtien (18) jaar of ouer is;";

(n) die invoeging van die definisie of "**spesiale geleentheid**" na die definisie van "**skoolgaande leerder**":

" '**spesiale geleentheid**' 'n geleentheid wat gereël is vir 'n spesifieke okkasie soos bedoel in artikel 54;";

(o) the insertion of the definition of "**sports ground**" after the definition of "**special event**":

" '**sports ground**' means a place where sports meetings, games or recreational activities are held, excluding school sports grounds;";

(p) the insertion of the definition of "**stakeholders**" after the definition of "**spouse**":

" '**stakeholders**' means those stakeholders recognized by the Authority in terms of section 133(6) and "**stakeholder**" has a similar meaning;";

(q) the substitution for the definition of "**tavern**" of the following definition:

" '**tavern**' means a registered place whose main business is the supply of liquor for consumption on the premises, **[and includes a pub and pool club]** where food may be provided incidental thereto;";

(r) the substitution for the definition of "**traditional African beer**" of the definition:

"**[t]Traditional African [b]Beer**" -

(a) has the meaning determined in terms of the Customs and Excise Act, 1964 (Act No. 91 of 1964), if any; or

(b) in the absence of a meaning contemplated in paragraph (a), has the meaning set out in Schedule 1 of the National Liquor Act; and

(c) includes sorghum beer;";

(s) the insertion of the definition of "**weapon**" after the definition of "**ward**":

" '**weapon**' means a dangerous weapon as defined in the Dangerous Weapons Act, 2013 (Act No. 15 of 2013);";

(t) the insertion of the definition of "**wine**" after the definition of "**weapon**":

" '**wine**' means wine as defined in section 1 of the Liquor Products Act, 1989 (Act No. 60 of 1989);".

**Amendment of section 2 of Act No. 6 of 2010 as amended by Act No. 4 of 2017**

**3.** Section 2 of the Principal Act is amended by -

(a) the substitution for the introductory sentence of subsection (1) of the following:

"(1) In relation to liquor and methylated spirits to -"; and

(o) die invoeging van die definisie van "**sportgronde**" na die definisie van "**sportbyeenkoms**":

" '**sportgronde**' 'n plek waar sportgeleenthede, wedstryde of rekreasie aktiwiteite gehou word, uitsluitende skoolsportgronde;";

(p) die invoeging van die definisie van "**belanghebbendes**" na die definisie van "**beheer**":

" '**belanghebbendes**' daardie belanghebbendes wat deur die Owerheid ingevolge artikel 133(6) erken word en "**belanghebbende**" het 'n soortgelyke betekenis;";

(q) die vervanging van die definisie van "**taverne**" met die volgende definisie:

" '**taverne**' 'n geregistreerde plek waarvan die besigheid hoofsaaklik gaan oor die voorsiening van drankverbruik op die perseel **[en sluit 'n drankkroeg en poolklub in]** waar kos bykomend voorsien kan word;";

(r) die vervanging van die definisie van "**tradisionele Afrika-bier**" met die volgende definisie:

"**[tradisionele Afrika-bier]** **Tradisionele Afrika Bier**"

(a) het sodanige betekenis soos bepaal ingevolge die wet op Doeane en Aksyns, 1964 (Wet Nr. 91 van 1964), indien enige, of

(b) in die afwesigheid van 'n betekenis soos beoog in paragraaf (a), het dit die betekenis soos uiteengesit in Bylae 1 van die Nasionale Drankwet; en

(c) sluit sorghumbier in;";

(s) die invoeging van die definisie van "**wapen**" na die definisie van "**voorsien**":

" '**wapen**' 'n gevaarlike wapen soos gedefinieer in die Wet op Gevaarlike Wapens, 2013 (Wet Nr. 15 van 2013);";

(t) die invoeging van die definisie van "**wyn**" na die definisie van "**wyk**":

" '**wyn**' soos gedefinieer in artikel 1 van die Wet op Drankprodukte, 1989 (Wet Nr. 60 van 1989);".

**Wysiging van artikel 2 van Wet Nr. 6 van 2010 soos gewysig deur Wet Nr. 4 van 2017**

**3.** Artikel 2 van die Hoofwet word gewysig deur –

(a) die vervanging van die inleidende sin van subartikel (1) met die volgende:

"(1) met betrekking tot drank om en methylated spirits om –"; en

(b) the substitution for paragraph (iv) of subsection (3) of section 2 of the Principal Act of the following paragraph –

"(iv) promote any [**major tourism related**] event[s], which could have an impact on tourism in the Province; and".

**Amendment of section 4 of Act No. 6 of 2010 as amended by Act No. 4 of 2017**

4. Section 4 of the Principal Act is amended by the substitution for subsections (2) and (3) of the Afrikaans text.

**Amendment of section 5 of Act No. 6 of 2010 as amended by Act No. 4 of 2017**

5. Section 5 of the Principal Act is amended by –

(a) the insertion of the following paragraph in subsection (1) after paragraph (m):

"(n) Provide education and awareness regarding the effect of liquor and gambling to give effect to the objects of the Act contemplated in section 2(1) and (2)."; and

(b) the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) Notwithstanding anything to the contrary contained in this Act, the interim board referred to in section 6(5) may exercise and perform the powers and functions of the Authority, excluding the granting and revocation of licences [**or registrations**], in the absence of the board.".

**Amendment of section 7 of Act No. 6 of 2010**

6. Section 7 of the Principal Act is amended by

(a) the substitution for paragraph (b)(i)(aa) of subsection (1) of the following paragraph:

(b) die vervanging van paragraaf (iv) van subartikel (3) van artikel 2 van die Hoofwet met die volgende paragraaf:

"(iv) bevordering van enige **[groot toerisme]** byeenkoms**[te]**, wat 'n impak op toerisme in die Provinsie kan hê; en.

**Wysiging van artikel 4 van Wet Nr. 6 van 2010 soos gewysig deur Wet Nr. 4 van 2017**

**4.** Artikel 4 van die Hoofwet word gewysig deur subartikels (2) en (3) met die volgende subartikels te vervang:

"(2) Die Vrystaat Dobbel, Drank en Toerisme Owerheid bestaan uit die raad, hoof uitvoerende beampte en administrasie.

(3) Die bevoegdhede en funksies van die Owerheid word bestuur en beheer deur 'n raad wat aangestel word deur die verantwoordelike Lid, **[met raadpleging van]** in oorleg met die Uitvoerende Raad.".

**Wysiging van artikel 5 van Wet Nr. 6 van 2010 soos gewysig deur Wet Nr. 4 van 2017**

**5.** Artikel 5 van die Hoofwet word gewysig deur

(a) die invoeging van die volgende paragraaf in subartikel (1) na paragraaf (m):

"(n) Onderwys en bewusmaking rakende die effek van drank en dobbel te verskaf om uitvoering te gee aan die oogmerke van die Wet soos bedoel in artikel 2(1) en (2).";  en

(b) deur subartikel (2) met die volgende subartikel te vervang:

"(2) Ongeag enigiets tot die teendeel in hierdie Wet, kan 'n interim raad verwys na in artikel 6(5) tydens die afwesigheid van 'n raad, bevoegdhede uitoefen en funksies uitvoer van die Owerheid, behalwe die toestaan en terugtrekking van lisensies **[of registrasies]**.".

**Wysiging van artikel 7 van Wet Nr. 6 van 2010**

**6.** Artikel 7 van die Hoofwet word gewysig deur –

(a) paragraaf (b)(i)(aa) van subartikel (1) met die volgende paragraaf te vervang:

"(b) if he or she –

(i) has any direct or indirect financial interest in

(aa) any gambling **[activity]** or liquor business or enterprise; or"; and

(b) the substitution for paragraph (b)(ix) of subsection (1) of the following paragraph:

"(ix) has or acquires a direct or indirect financial interest in premises used for any activity that must be licensed or registered in terms of this Act;".

**Amendment of section 13 of Act No. 6 of 2010**

**7.** Section 13 of the Principal Act is amended by –

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The **[board]** Authority must, subject to subsection (2), function in a transparent and open manner."; and

(b) the substitution for paragraph (b) of subsection (2) of the following paragraph:

"(b) any document or information which has been furnished to the **[board]** Authority by any regulatory or law enforcement authority on condition of confidentiality.".

**Amendment of section 14 of Act No. 6 of 2010**

**8.** Section 14 of the Principal Act is amended by the substitution for paragraph (a)(i) of subsection (3) of the following:

"(i) he or she or his or her family member referred to in section 7(1)(b) (iii), partner or business associate is a direct member or partner of, or has a controlling interest or any financial or other interest in, the business of the applicant or any person who made representations in relation to the application for a licence or registration; or".

**Amendment of section 15 of Act No. 6 of 2010**

**9.** Section 15 of the Principal Act is amended by –

(a) the deletion of subsection (2); and

"(b) indien hy of sy –

(i) enige regstreekse of onregstreekse finansiële belang het by

(aa) enige dobbel**[aktiwiteit]** of drank besigheid of onderneming; of"; en

(b) paragraaf (b)(ix) van subartikel (1) met die volgende paragraaf te vervang:

"(ix) 'n regstreekse of onregstreekse finansiële belang in persele wat gebruik word vir 'n aktiwiteit wat gelisensieer of geregistreer moet wees ingevolge hierdie Wet het of verkry;".

**Wysiging van artikel 13 van Wet Nr. 6 van 2010**

**7.** Artikel 13 van die Hoofwet word gewysig deur –

(a) subartikel (1) met die volgende subartikel te vervang:

"(1) Die **[raad]** Owerheid moet, onderhewig aan subartikel (2), in 'n deursigtige en oop manier funksioneer."; en

(b) paragraaf (b) van subartikel (2) met die volgende paragraaf te vervang:

"(b) enige dokument of inligting bekend maak wat aan die **[raad]** Owerheid voorsien is deur enige regulerende of wetstoepassende owerheid op voorwaarde van vertroulikheid, bekend maak nie.".

**Wysiging van artikel 14 van Wet Nr. 6 van 2010**

**8.** Artikel 14 van die Hoofwet word gewysig deur die vervanging van paragraaf (a)(i) van subartikel (3) met die volgende paragraaf:

"(i) hy of sy of sy of haar gesinslid na wie verwys word in artikel 7(1)(b)(iii), vennoot of sakegenoot 'n direkte lid of vennoot is van, of 'n beherende belang besit of enige finansiële of ander belang het in , die besigheid van die aansoeker of enige persoon wat vertoë gerig het met betrekking tot die aansoek om 'n lisensie of registrasie; of".

**Wysiging van artikel 15 van Wet Nr. 6 van 2010**

**9.** Artikel 15 van die Hoofwet word gewysig deur –

(a) subartikel (2) te skrap; en

(b) the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) All application fees, licence fees, penalties and any other moneys payable in terms of the provisions of this Act, must be a debt due to the **[Provincial Administration of the Free State]** Authority, and may be recovered in a competent court by the said **[Administration or by the]** Authority **[on behalf of the Administration: Provided that the Authority must primarily be responsible for the collection of the said amounts on behalf of the Provincial Administration]**.".

**Amendment of section 17 of Act No. 6 of 2010**

**10.** Section 17 of the Principal Act is amended by the substitution for paragraph (a) of subsection (6) of the following paragraph:

"(a) considering representations or objections in relation to any application for a licence or registration made in terms of this Act, must be accessible to the public: Provided that the chairperson in his or her discretion, or the board, may direct that a person may not attend the meeting or must leave the meeting, if the chairperson or the board, as the case may be, is of the opinion that such person's presence is not desirable at the meeting concerned; and".

**Amendment of section 20 of Act No. 6 of 2010**

**11.** Section 20 of the Principal Act is amended by -

(a) the substitution for the word "Authority" wherever it appears in the section and the heading of the section of the word "Board"; and

(b) the substitution for the proviso in subsection (2) of the following proviso:

"Provided that at any enquiry held by the **[Authority]** Board, the person applying for a licence or registration or the transfer or removal of a licence or registration in terms of this Act, or any person objecting to the granting of such an application, or the person who is the subject of the enquiry, as the case may be, **[must]** may, if he or she so requests, be entitled to appear before the **[Authority]** Board and to call witnesses.".

**Amendment of section 23 of Act No. 6 of 2010**

**12.** Section 23 of the Principal Act is hereby amended by the insertion of the following subsections after subsection (3):

"(4) A registrant must ensure that the registered premises are at all times compliant with all relevant laws, regulations and bylaws.

(5) A registrant may request any police officer to remove or assist in removing from the premises any person who do not comply with laws, regulations or bylaws, contemplated in subsection (4).".

(b) die vervanging van subartikel (3) met die volgende subartikel:

"(3) Alle aansoekgelde, lisensiegelde, boetes en enige ander gelde betaalbaar ingevolge die bepalings van hierdie Wet, moet 'n inskuld aan die [**Provinsiale Administrasie van die Vrystaat**] Owerheid wees, en kan ingevorder word in 'n bevoegde hof deur die voormelde [**Administrasie of deur die**] Owerheid [**ten behoewe van die Administrasie: Met dien verstande dat die Owerheid in die eerste plek verantwoordelik is vir die invordering van die voormelde bedrae ten behoewe van die Provinsiale Administrasie**].".

**Wysiging van artikel 17 van Wet Nr. 6 van 2010**

**10.** Artikel 17 van die Hoofwet word gewysig deur paragraaf (a) van subartikel (6) met die volgende paragraaf te vervang:

"(a) vertoë of besware te oorweeg met betrekking tot enige aansoek om 'n lisensie of registrasie wat ingevolge hierdie Wet gedoen is, moet toeganklik wees vir die publiek: Met dien verstande dat die voorsitter in sy of haar diskresie, of die raad, kan gelas dat 'n persoon nie die vergadering mag bywoon of die vergadering moet verlaat, indien die voorsitter of die raad, wat ook al die geval mag wees, van mening is dat sodanige persoon se teenwoordigheid nie wenslik sal wees by die betrokke vergadering; en".

**Wysiging van artikel 20 van Wet Nr. 6 van 2010**

**11.** Artikel 20 van die Hoofwet word gewysig deur –

(a) die vervanging van die woord "Owerheid" waar dit ookal voorkom in die artikel en die opskrif van die artikel met die woord "Raad"; en

(b) die vervangings van die voorbehoud in subartikel (2) met die volgende voorbehoud:

"Met dien verstande dat by enige ondersoek deur die [**Owerheid**] Raad gehou, die persoon wat aansoek doen om 'n lisensie of registrasie of oordrag of verwydering van 'n lisensie of registrasie ingevolge hierdie Wet, of enige persoon wat beswaar het teen die toestaan van sodanige aansoek, of die persoon wat die onderwerp is van die ondersoek, wat ook al die geval mag wees, [**moet**] kan, indien hy of sy so versoek, geregtig sal wees om voor die [**Owerheid**] Raad te verskyn en getuies te roep.".

**Wysiging van artikel 23 van Wet Nr. 6 van 2010**

**12.** Artikel 23 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die invoeging van die volgende subartikels na subartikel (3):

"(4) 'n Registrant moet verseker dat die geregistreerde perseel te alle tye voldoen aan alle relevante wetgewing, regulasies en verordeninge.

(5) 'n Registrant kan enige polisie beampte versoek om 'n persoon wat strydig met wetgewing, regulasies of verordeninge, beoog in subartikel (4) optree, te verwyder of behulpsaam te wees met die verwydering van sodanige persoon vanaf die perseel.".

**Amendment of section 24 of Act No. 6 of 2010**

**13.** Section 24 of the Principal Act is amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"**Restrictions regarding employment in liquor industry**

**24.** (1) Despite any law or agreement to the contrary, a registered person may not employ a person who has not yet attained the age of 16 in any activity relating to the micro manufacturing or retail sale of liquor or methylated spirits unless the employee is undergoing training or a learnership contemplated in section 16 of the Skills Development Act, 1998 (Act No. 97 of 1998): Provided that section 26(1) to (5) and (7) are still applicable.".

**Amendment of section 25 of Act No. 6 of 2010**

**14.** Section 25 of the Principal Act is amended by -

(a) the substitution for subsection (1) of the following subsection:

**25.** (1) A person may not advertise -

(a) liquor or methylated spirits

(i) in a false or misleading manner;

(ii) in a manner intended to target or attract minors or school going learners; **[or]**

(iii) in a manner which misrepresents the age of persons participating in the advertisement;

(iv) if the content of the advertisement appeals to persons under the age of eighteen (18) years; or

(b) a substance that is prohibited in terms of this Act."; and

(b) the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) The advertisement of liquor must be in line with national legislation and any determination made by the National Minister.".

**Amendment of section 26 of Act No. 6 of 2010**

**15.** Section 26 of the Principal Act is amended by the substitution for the section of the following section:

**Wysiging van artikel 24 van Wet Nr. 6 van 2010**

**13.** Artikel 24 van die Hoofwet word gewysig deur die vervanging van subartikel (1) met die volgende subartikel:

"**Verbodsbepalings betreffende indiensneming in die drankbedryf**

**24.** (1) Ondanks enige andersluidende wet of ooreenkoms, mag 'n geregistreerde persoon nie 'n persoon in diens neem wat nog nie die ouderdom van [sestien] 16 bereik het nie in enige aktiwiteit wat betrekking het op die mikrovervaardiging of kleinhandel verkope van drank of brandspiritus tensy die werknemer opleiding of 'n leerderskap ondergaan soos beoog in artikel 16 van die "Skills Development Act, 1998" (Wet Nr. 97 van 1998): Met dien verstande dat subartikel 26(1) tot (5) en (7) steeds van toepassing is;".

**Wysiging van artikel 25 van Wet Nr. 6 van 2010**

**14.** Artikel 25 van die Hoofwet word gewysig deur -

(a) die vervanging van subartikel (1) met die volgende subartikel:

**25.** (1) 'n Persoon mag nie

(a) drank of brandspiritus

(i) op 'n valse of misleidende wyse;

(ii) op 'n wyse wat gemik is om minderjariges of skoolgaande leerlinge te teiken of aan te lok; [of]

(iii) op 'n wyse wat die ouderdom van persone wat in die advertensie deelneem wanvoorstel;

(iv) indien die inhoud van die advertensie aanklank vind by persone onder die ouderdom van agtien (18) jaar; of

(b) 'n middel wat ingevolge hierdie Wet verbied word nie,

adverteer nie. "; en

(b) die vervanging van subartikel (2) met die volgende subartikel:

"(2) Die advertering van drank moet ooreenkomstig met nasionale wetgewing en enige bepaling gemaak deur die Nasionale Minister, geskied.".

**Wysiging van artikel 26 van Wet Nr. 6 van 2010**

**15.** Artikel 26 van die Hoofwet word gewysig deur die vervanging van die artikel met die volgende artikel:

"**Restriction of supply of liquor or methylated spirits to [minor] a person younger than eighteen (18) years or school going learner**

**26.** (1) A person may not sell or supply liquor or methylated spirits to a [**minor**] person younger than eighteen (18) years or a school going learner.";

(2) Despite subsection (1), the parent[,] or adult guardian of a [**minor**] person younger than eighteen (18) years or school going learner [**or a person responsible for administering a religious sacrament,**] may on a religious occasion supply to that [**minor**] person younger than eighteen (18) years or school going learner a [**moderate quantity**] sip of liquor to be consumed by the [**minor**] person younger than eighteen (18) years or school going learner in the presence and under the supervision of that parent[,] or guardian [**or other person**].";

(3) A person must [**take reasonable measures to**] determine accurately whether or not a person is a [**minor**] person younger than eighteen (18) years or school going learner, by viewing such person's identity document, driver's licence or passport, as well as if he or she is wearing school uniform, before selling or supplying liquor or methylated spirits to that person.

(4) A person must refuse to sell liquor or methylated spirits to a person –

(a) younger than eighteen (18) years;

(b) who refuses or fails to produce his or her identity document, drivers licence or passport; or

(c) who is wearing school uniform.

[**(4)**] (5) A [**minor**] person younger than eighteen (18) years or school going learner may not make a false claim about age in order to induce a person to sell or supply liquor or methylated spirits to him or her.

[**(5)**] (6) A person may not make a false claim about the age of a [**minor**] person younger than eighteen (18) years or a school going in order to induce a person to sell or supply liquor or methylated spirits to the [**minor**] person younger than eighteen (18) years or school going learner.

[**(6)**] (7) A [**minor**] person younger than eighteen (18) years or school going learner may not supply liquor or methylated spirits to another person.

(8) Subject to section 24(1), a person younger than eighteen (18) years or school going learner must not be permitted in or to enter the restricted area of a registered premises.".

**"Beperking van die voorsiening van drank of brandspiritus aan 'n [minderjarige] persoon jonger as agtien (18) jaar of skoolgaande leerling**

**26.** (1) 'n Persoon mag nie drank of brandspiritus aan 'n **[minderjarige]** persoon jonger as agtien (18) jaar of skoolgaande leerling verkoop of voorsien nie.

(2) Ondanks subartikel (1), kan 'n ouer[,] of die volwasse voog van 'n **[minderjarige]** persoon jonger as agtien (18) jaar of skoolgaande leerling **[of 'n persoon wat verantwoordelik is vir die bediening van godsdienstige sakramente]**, per religieuse geleentheid 'n **[matige hoeveelheid]** sopie drank aan 'n **[minderjarige]** persoon jonger as agtien (18) jaar of skoolgaande leerling voorsien wat deur die **[minderjarige]** persoon jonger as agtien (18) jaar of skoolgaande leerling in die teenwoordigheid en onder die toesig van daardie ouer[,] of voog **[of ander persoon]** verbruik moet word.

(3) 'n Persoon moet **[redelike stappe neem om]** noukeurig **[te]** bepaal of 'n persoon **['n minderjarige]** jonger as agtien (18) jaar of skoolgaande leerling is of nie, deur sodanige persoon se identiteitsdokument, bestuurderslisensie of paspoort te besigtig, asook of hy of sy skooluniform dra voordat drank of brandspiritus aan daardie persoon verkoop of voorsien word.

(4) 'n Persoon moet weier om drank of brandspiritus te verkoop aan 'n persoon -

(a) jonger as agtien (18) jaar;

(b) wat weier om sy of haar identiteitsdokument, bestuurderslisensie of paspoort te vertoon; of

(c) wat skooluniform dra.

**[(4)]** (5) 'n **[Minderjarige]** Persoon jonger as agtien (18) jaar of skoolgaande leerling mag nie valse aansprake maak oor sy of haar ouderdom ten einde 'n persoon te beweeg om drank of brandspiritus aan hom of haar te verkoop of voorsien nie.

**[(5)]** (6) 'n Persoon mag nie valse aansprake maak oor die ouderdom van 'n **[minderjarige]** persoon jonger as agtien (18) jaar of skoolgaande leerling ten einde 'n persoon te beweeg om drank of brandspiritus aan die **[minderjarige]** persoon jonger as agtien (18) jaar of skoolgaande leerling te verkoop of voorsien nie.

**[(6)]** (7) 'n **[Minderjarige]** Persoon jonger as agtien (18) jaar of skoolgaande leerling mag nie drank of brandspiritus aan 'n ander persoon verkoop of voorsien nie.

(8) Onderhewig aan artikel 24(1), mag 'n persoon jonger as agtien (18) jaar of skoolgaande leerling nie toegelaat word binne die beperkte area van 'n geregistreerde perseel nie of om sodanige beperkte area te betree nie.".

**Amendment of section 27 of Act No. 6 of 2010**

**16.** Section 27 of the Principal Act is amended by -

(a) the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) Any person may be registered as a micro manufacturer or retail seller of liquor or methylated spirits, or both, except a person who -

(a) is a [**minor**] person younger than eighteen (18) years or school going learner at the date of submitting the application for registration;

(b) is an unrehabilitated insolvent;

(c) at the time of consideration of the application is committed in terms of the Mental Health Care Act, 2002 (Act No. 17 of 2002);

(d) has been convicted of a contravention of this Act or any other liquor legislation within the three (3) years immediately preceding the date of application; [or]

(e) has been convicted, under applicable legislation, of an offence the elements of which are inconsistent with the objects and purposes of this Act, at any time

(i) after the coming into operation of this Act; and

(ii) within the three (3) years immediately preceding the date of application[.]:

(f) is a natural person and who is not a citizen; or

(g) is a juristic person and whose members, shareholders or directors are not citizens."; and

(b) the insertion of subsection (4) after subsection (3):

"(4) A registration certificate must, subject to the provisions of this Act, remain in force and must be renewed by the Authority annually.".

**Amendment of section 28 of Act No. 6 of 2010**

**17.** Section 28 of the Principal Act is amended by –

(a) the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The [**Authority**] Board may –

(a) require any further information relevant to an application; and

**Wysiging van artikel 27 van Wet Nr. 6 van 2010**

**16.** Artikel 27 van die Hoofwet word gewysig deur

(a) die vervanging van subartikel (3) met die volgende subartikel:

"(3) Enige persoon kan geregistreer word as 'n mikro vervaardiger of kleinhandelverkoper van drank of brandspiritus, of beide, behalwe 'n persoon wat –

(a) **[minderjarig]** jonger as agtien (18) jaar is op die datum van indiening van die aansoek om registrasie;

(b) 'n ongerehabiliteerde insolvent is; of

(c) ten tyde van oorweging van die aansoek opgeneem is ingevolge die Wet op Geestesgesondheid, 2002 (Wet Nr. 17 van 2002);

(d) skuldig bevind is aan misdryf van hierdie Wet of enige drankwetgewing binne drie (3) jaar wat onmiddelik die datum van aansoek voorafgaan; **[of]**

(e) skuldig bevind is, kragtens toepaslike wetgewing, aan 'n misdryf waarvan die elemente nie strook met die oogmerke en doeleindes van hierdie Wet, te eniger tyd

(i) nadat hierdie Wet in werking getree het; en

(ii) binne drie (3) jaar wat die datum van aansoek onmiddellik voorafgaan[.];

(f) 'n natuurlike persoon is en wat nie 'n burger is nie; of

(g) 'n regspersoon en sy lede, aandeelhouers of direkteure wat nie burgers is nie."; en

(b) die invoeging van subartikel (4) na subartikel (3):

"(4) Onderhewig aan die bepalings van hierdie Wet, moet 'n registrasiesertifikaat geldig bly en moet dit jaarliks deur die Owerheid hernu word.".

**Wysiging van artikel 28 van Wet Nr. 6 van 2010**

**17.** Artikel 28 van die Hoofwet word gewysig deur –

(a) die vervanging van subartikel (1) met die volgende subartikel:

"(1) Die **[Owerheid]** Raad kan –

(a) enige verdere inligting vereis met betrekking tot die aansoek; en

(b) refuse an application if the applicant has not supplied all information required in terms of paragraph (a) within **[the prescribed time]** thirty (30) days.";

(b) the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) If the application complies with the provisions of the Act, the **[Authority]** Board must further consider the application, relating to the following criteria:

(a) The applicant's proposed contribution to combating alcohol abuse, including whether the applicant has subscribed to any industry code of conduct approved by the National Minister as contemplated in section 13(1)(b) of the National Liquor Act and guidelines determined by the National Minister for combating socio economic harms caused by liquor abuse; and

(b) The extent to which the proposed registration may materially restrict or promote -

(i) new entrants to the liquor industry;

(ii) job creation within the liquor industry;

(iii) diversity of ownership within the liquor industry;

(iv) efficiency of operation of the liquor industry; **[or]**

(v) competition within the liquor industry; or

(vi) harmful monopolistic circumstances within the liquor industry.";

(c) the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) **[For a micro-manufacturing registration,]** [t]The **[Authority]** Board **[may]** must consider the applicant's [commitment to] black economic empowerment rating in terms of the guidelines determined by the National Minister.";

(d) the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) When considering application for registration, the **[Authority]** Board must also take due regard of issues of -

(a) public interest;

(b) 'n aansoek weier indien die applikant nie al die inligting binne **[die voorgeskrewe tyd]** dertig (30) dae voorsien wat ingevolge paragraaf (a) vereis word nie.";

(b) die vervanging van subartikel (2) met die volgende subartikel:

"(2) Indien die aansoek die bepalings van die Wet nakom, moet die **[Owerheid]** Raad die aansoek verder oorweeg met inagneming van die volgende maatstawwe:

